MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

6 OCTOBER 2011

SA moet beter vriende kies

Die Christen-Demokratiese Party (CDP) het sy teleurstelling uitgespreek dat Suid-Afrika in die VN-Veiligheidsraad buite stemming gebly het in ‘n mosie wat die skending van menseregte en die staking van geweld in Sirië vra.

“Die skynbare entoesiasme waarmee Suid-Afrika menseregteskendings in lande soos Mianmar, Zimbabwe, Venezuela, Ghaddafi se Libië, Kuba en China\ steun, moet noodwendig ‘n donker skadu werp oor die ANC se verbintenis teenoor menseregte – veral teen die konteks van voortdurende kritiek op die status va die grondwet en bepalings in die Handves van menseregte, soos die besitreg van eiendom,” sê ds. Theunis Botha, leier van die CDP.

“Boonop kom die jongste kleitrappery teen die agtergrond waar die aandag van die hele wêreld op Suid-Afrika was oor die visumkwessie van die Dalai Lama.

“As Suid-Afrika in sy buitelandse beleid lojaliteit aan vriende wil toon, doen ons aan die hand dat die ANC sy vriende beter begin kies. Meng jou met die semels ....”

SA must choose friends better

“The Christian Democratic Party (CDP) expressed its disappointment with South Africa abstaining in the United Nations Security Council from voting in a motion calling for an end to the human rights violations and violence in Syria.

“The apparent enthusiasm with which they support human rights violations in countries such as Mianmar, Zimbabwe, Venezuela, Ghaddafi’s Libya, Cuba and China casts a dark shadow over the ANC’s commitment to human rights – especially when it comes to the constant criticism of the status of the constitution and stipulations in the Bill of Human Rights, such as the right to own property,” says Rev. Theunis Botha, leader of the CDP.

“To add insult to injury, the latest bungling comes against the back drop of the disastrous way in which the Dalai Lama’s visa application was handled.

“If South Africa insists on expressing loyalty to friends in international politics, we urge that they choose better friends.”